Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 1

Hy't my
die Lewensstroom getoon
wat voortkom
uit die hoë troon,
van God
en van die Seun vanwaar
dit vonkel
soos kristal so klaar.

Geen lamp
of son is nodig meer.
Hul lamp
en son is God, die Heer.
Hul sal
na smaad en druk en stryd
as konings
heers in ewigheid.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

BEKENDSTELLING

Voordat u ons binnenooi, wil u weet waarom ons by u kom. besoek aflê? Ek sal saaklik wees — ons is met die vraag van ons blad voor u deur omdat daar 'n God in die hemel is wat min of meer 1,961 jaar gelede sy Seun, Jesus Christus na die aarde gestuur het om die volmaakte offer te bring vir die sonde en skuld en verlorenheid. Dit is die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Daarom vra ons u: Waar gaan u heen?

Ons ken u nie op u naam nie, maar ons het gedink dat u ook bly sal word as ons u die goeie nuus meedeel dat daar 'n geopende deur is en dat u nie uitgesluit is nie toe Hy geroep het: "Kom na My toe!" Ons het daaraan gedink dat u baie probleme sal hê — struikelblokke en besware wat die pad na Jesus Christus vir u versper. Daarom soek ons u op vir 'n openlike gesprek.

Ons het gemeen dat u ook soms moeggejaag is deur die lewenstempo. Dat u ook soos ons, beklem word deur die swartgalligheid van ons tydsgewrig. Dat, u soms huiwer vir die lewensverantwoordelikhede en ook maar klein en eensaam voel, gevang in die maalstrome van duisende opinies en rigtingwysers wat van ons gelukkiger mense wil maak. Ons wil u opreg by die hand vat en in nederigheid maar tog met) grote beslistheid en oortuiging u met ons meeneem na die bron van die vrede en vreugde.

Sentimentaliteit is nie ons metode nie, maar nugtere getuienis van die Waarheid van die Bybelopenbaring vir elke lewensituasie.

Selfverheffing is nie ons gesindheid nie, want ontvange genade maak nie opgeblase nie.

Selfverdediging is nie ons opset nie, want wat ons aan u te sê het, is op hemelse gesag — 'n dwingende, uitnodigende warme woord wat wil koester, maar wat ook brand.

Graag wil ons die liefde en blydskap in ons gesprekke ingiet om u jaloers te maak op die vrug van die geloof.

Ons bely ons plek as instrumente van die Gees van God wat die enigste bewerker van die saligmakende geloof is. Ons wil 'n kanaal van die hemel wees wat die lewende water wil afkeer na u hart en huis.

Waar gaan u heen?

Dit is 'n krisisvraag wat u as aangesprokene dadelik in die gewete moet aangryp.

Die antwoord voor God en die mense is u aandeel aan die tweegesprek.

Ons innige bede is dat u ons gesprekke met dieselfde erns sal bejeën as wat ons dit, onder vier oë met u, uitspreek.

In die oortuiging dat u ons nie as 'n vreemdeling ontvang nie, maar as 'n vriend — miskien 'n langvergete jeugvriend, groet ons u.

W. J. de Klerk.

God en Ek

Die mense sê dat eensame opsluiting 'n groter straf is as die dood, want eensaamheid bots met elke mens se aanleg. Dink jou een oomblik in wat van die lewe vir jou sal oorbly as jou huwelik, jou gesinslewe, jou vriende, jou werkkring, jou ontspanning en nog baie meer dinge voor jou weggeneem moet word. Ons staan nou eenmaal in verskillende verhoudinge — verhoudinge wat ingeweef is in ons bestaan en waarsonder ons ons die lewe nie kan indink nie. Ons begin by die verhouding tussen God en jou. Nou moet jy nie sê dat daar nié so 'n verhouding by jou bestaan nie, want elke mens het êrens 'n god waarvoor hy buig en waarop hy hoop en bou. Die primitiewe mens is tevrede met 'n vertroue op voorvaderlike geeste, die moderne mens vind sy god in homself — sy verstand, sy geld, sy lewensgenietinge, of buite homself in sy volk of in politieke mag. Die een glo dat werk die geheim van lewensgeluk is, en die ander wil die liefde as die fondament van alle dinge stel.

Ek praat nie met jou oor die **geloof aan 'n god** — 'n soort hoëre begrip of beginsel wat die lewensgang bepaal en verklaar nie. Nee, ek praat met jou oor die **verhouding met**

die God in wie jy moet glo.

Dié God is die God wat gesê **het Hy is God.**

Só het Hy Hom in die Bybel geopenbaar as Vader, Seun en Heilige Gees. Die ewige, onbegryplike, onsienlike, onveranderlike, almagtige God wat geskep het en wat alles regeer en onderhou en in sy Seun die wêreld verlos en mense na sy keuse verlos, om eendag aan die einde van die dae 'n nuwe mensheid op 'n nuwe aarde te stel wat vry van sonde, vir ewig met Hom sal lewe. Jy ken dié God van jou kinderdae af. Dit is Hy wat aanbid is daar om die huistafel van jou grootvader en dit was die geloof in Hom wat jou grootmoeder so tevrede en met 'n glimlag kon laat sterwe het. Die geskiedenis van die wêreld vertel jou van Hom — Abraham het sy stem gehoor, Moses het met Hom gespreek. Twaalf apostels, duisende manne en vroue wat op brandstapels gesterwe het omdat hulle in Hom glo ...

Hierdie **God** staan in 'n sekere verhouding met **jou.** Hy is jou Skepper en dit was sy wil dat jy gebore is. Hy onderhou jou dag na dag met gesondheid en geleenthede. Ek is seker daarvan dat jy ook gedoop is.

Daarom het Hy reg om geloof van jou te eis.

Hy kruis jou lewe sodat jy geen verontskuldiging sal hê nie. Die kerkgebou in jou omgewing, die begrafnisse in jou familiekring, die Bybelles wat jou kind op skool leer, die besoek wat jy van kerkmense ontvang...

Eendag sal jy voor Hom moet verskyn om rekenskap te gee. Ek wil 'n beroep maak op jou nugterheid om te aanvaar dat dié God in jou lewe ingeweef is op so 'n wyse dat jy 'n dwaas sal wees om dit nié te erken nie.

Dit is heeltemal moontlik om Hom te ontwyk, maar dit **is eweneens heeltemal onmoontlik om Hom te ontvlug.** Jy moet êrens begin. Ek stel voor dat jy jou hoogmoed laat vaar. Koop vir jou 'n Bybel en besoek die kerk. Bid elke dag een sinnetjie: "O God, kom na my toe!"

God het die gesprek met jou begin, en Hy sal eendag die gesprek met jou afsluit. Tussen die begin en die afsluiting lê daar vir jou die verantwoordelike keuse of jy aan die gesprek gaan deelneem of nie.

W. J. de Klerk.

VOLG MY!

En ná hierdie dinge het Hy uitgegaan en 'n tollenaar met die naam van Levi by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: Volg My. En hy het alles verlaat en opgestaan en Hom gevolg.

Lukas 5:27, 28

Die Here Jesus praat hier met Levi.

Levi die tollenaar, die kapitalis, die man wie se roeping dit was om geld te maak... altyd meer geld, ongeag sy maniere en of hy ander daardeur benadeel... weduwees en armes.

Ons lees in Lukas 5:27: "Jesus het uitgegaan en hom in die tolhuis sien sit". Hy het hom gesien waar hy besig is in sy sondige beroep. Hy 't hom opgemerk.

Dis belangrik vir ons, dat Jesus die sondaar so opmerk . . . want so is Hy vandag nog. Hy sien u waar u sit, waar u in u daaglikse lewe en werk in u sonde vassit. . . niks ontgaan Hom nie. Ook waar u op dié oomblik besig is, is sy oog op u.

Hy síén nie alleen vir Levi nie, maar hy het ook na hom uitgegaan.

Daar loop hy reguit op Levi af... tot in sy kantoortjie waar hy besig is met sy geld.

Levi moet benoud geword het. Om Jesus op 'n afstand te sien en te hoor praat kan mens nog uithou, maar dat Hy my in my werk kom besoek, dat Hy oor my drumpel kom tree ... dit is gevaarlik, hoogs gevaarlik . .. want wie kan dit met sy geld, sy goud, sy boesemsonde uithou so naby Jesus?

Maar wat doen Jesus?

Ruk hy die man aan sy bors oor sy sondes? Veroordeel of vervloek Hy hom oor sy onregverdige wins ten koste van ander?

Nee — niks hiervan nie.

Hy spreek alleen sy magswoord, wat geen sondaar, as hy dit hoor, kan weerstaan nie.

"Volg My!"

Kort, duidelik en kragtig, liefdevol!

"Volg My"... by My is geluk, vrede, blydskap en die ewige lewe. Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe ... Wie My volg, vind die Vader en sy huis met die baie woninge.

"Volg My!" Dis ook skerp!

Want die weg agter Christus aan gaan oor Golgotha, en daar bly alles agter . . . al die geld en goed en eer. eie naam, eie krag en hoogmoed . . . daar sterf die boesemsonde . . . daar kap ek die hand af en ruk ek die oog uit wat my laat struikel. . . daar sterf ek met Christus . . . maar daar staan ek ook met Hom op uit my sonde, my dood.

"Volg My!"

Ons lees: "En hy het alles verlaat en opgestaan en Hom gevolg".

Geagte leser, Jesus kom vandag nog so op ons af, waar ons in ons "tolhuise" sit, in die fabriek, kantoor, op straat en in die binnekamer, en daar spreek Hy sy kragtige, uitnodigende: "Volg My!"

Wie kan dit weerstaan?

Ook tot ú wat nou hier lees, sê Jesus:

"Volg My!"

En wat doen ú?

DIE STERRE VOORSPEL

In u koerant of tydskrif kry u hierdie rubriek as 'n voortsetting van die bygeloof van ou heidense sterrekykers wat gemeen het om daaruit die wil van die gode af te lees.

Wat* sê *GOD hiervan?

'N GRAFOPSKRIF

"Hier ligt vriend die-en-die
Heel netjes in zijn kist,
De hemel kon hij niet in,
omdat hij alles zelf wist."

"Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red — die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom.

Kyk, hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand;"

Jesaja 47:13 en 14.

"So sê die Here: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie." Jeremia 10:2.

- Volgens die dagbladpers het Lin Yutang, die Chinese wysgeer, weer die Christendom aanvaar nadat hy dertig jaar lank 'n geswore aanhanger van die heidendom was. Hy is oortuig dat dit die enigste beskawende invloed is wat die wêreld kan red.

- Onlangs het daar 'n berig in die pers verskyn dat Suid-Afrikaanse wetenskaplikes nie met 'n Britse geleerde saamstem dat genadedood in sekere omstandighede geregverdig kan word nie.

Inderdaad!

Geen mens het die reg om die lewe van 'n ander te neem nie. God alleen kan besluit of hy vir daardie persoon nog 'n roeping op aarde het.

Godsdienstige samestelling van die Wêreldbevolking

Die volgende gegewens is ontleen aan die *"Encyclopedie van het Christendom"* (1955).

1. Die totale bevolking van die wêreld word gestel op 2,500 miljoen waarvan 260 miljoen Protestante is, 455 miljoen Room-Katolieke, 185 miljoen Grieks-Ortodoks en 1,600 miljoen nie-christelik — bv. Mohammedanisme, Boeddhisme, Hindoe ens.
2. Die 260 miljoen Protestante is, in persentasies uitgedruk, by benadering soos volg saamgestel: Luthers 29 persent, Calvinisties 19 persent, Baptiste 18.5 persent, Metodiste 14 persent, Anglikane 14 persent en die res 5.5 persent.
3. Die volgende tabel gee die godsdienstige samestelling van die bevolking van die groot kontinente:

Kontinent	**Bevolking in Miljoen**	**R.K.**	**Prot.**	**Ortodoks**	**Onchristelik**
Rusland	200	3.0%	2.0%	70.0%	25.0%
Europa (sonder Rusland)	400	51.0%	31.0%	9.0%	9.0%
Amerika (Noord en Suid)	350	56.0%	27.0%	0.5%	16.5%
Asië (sonder China)	850	3.0%	1.5%	9.0%	86.5%
China	475	0.5%	0.4%		99.1%
Afrika	210	8.0%	6.5%	3.5%	82.0%

4. Uit voorgaande blyk dat slegs 6.5% van Afrika se bevolking Protestante is - teenoor byvoorbeeld 82% nie-Christene. Onderstaande tabel gee nou die godsdienstige samestelling van die bevolking van dié state in Afrika wat 'n bevolking het van meer as 'n miljoen:

Staat / Kontinent	**Bevolking in Miljoen**	**R.K.**	**Prot.**	**Ortodoks**	**Onchristelik**
Egipte	22	0.6%	0.6%	8.5%	90.3%
Ethiopië	15	0.3%	0.6%	39.1%	60.0%
Fr. Wes-Afrika	17.5	2.5%	10.0%		94.5%
Belgiese Kongo	12	25.0%	12.0%		65.0%
Nigerië	30	2.5%	2.0%		93.5%
Suid-Afrika	13	6.0%	46.0%		48.0%

Van die sowat 13 miljoen Protestante in die ganse Afrika woon dus naastenby die helfte in die Republiek Suid-Afrika. Die res is skaars soos stippeltjies versprei oor die groot kontinent!

Wat dink jy van hierdie syfers? Is die Christendom 'n mislukking?

In ons volgende uitgawe gee ons 'n antwoord op al hierdie syfers.

Tabita

Aan jou, Tabita, vrou van veel erbarme,
het God tweemaal onsterflikheid gegee.
Eers in jou huis in Joppe aan die see
waar jy jou gawes daagliks met 'n warme

en deernisvolle hart aan elke arme,
aan elke wees en elke weduwee,
om Christus wil, weldadiglik wou gee.
Daar het die Here jou in sy erbarme

laat opstaan uit die dode. En daarná
het Hy jou laat herleef in elke land
en stad en dorp in hul wat daadbereid

hul liefdegawes na die armes dra
en afgee met 'n milde vrouehand.
Tabita, dis jou tweede onsterflikheid!

P. W. Buys.

Die ou vraag

Die *vraag* is: "Kan ek 'n christen wees *sonder* dat ek 'n lidmaat van die kerk is?"

Jou *antwoord* is waarskynlik: "ja, dit is moontlik."

Maar dit sal wees soos:

'n Leerling wat nie die skool besoek nie.
'n Soldaat wat nie by die leër aansluit nie.
'n Burger wat nie deelneem aan sy volksake nie.
'n Koopman wat nie kopers het nie.
'n Ontdekkingsreisiger wat nie 'n basiskamp het nie.
'n Handelsreisiger op 'n onbewoonbare eiland.
'n Seeman op 'n skip sonder bemanning.
'n Skrywer sonder lesers.
'n Fluitspeler sonder orkes.
'n Vader sonder die gesin.
'n Rugbyspeler sonder die span.
'n By sonder 'n byekorf.

Stem u nou nog saam met die antwoord wat bo gegee is?

Oor Honderd Jaar

Sewe Amerikaanse geleerdes het in 1958 die toekomsverwagting van die mensdom oor honderd jaar soos volg aangestip: Verowering van die ruimte en mynbou op die maan, baie kunsmatige satelliete wat om die aarde wentel in diens van meteorologiese waarneminge, die vervanging van siek organe in die menslike liggaam, voedselproduksie uit sonstrale, vier tot agt uur arbeid per week, volle ontwikkeling van die see-potensiaal as energiebron, ontginning van alle woestyne op aarde . .. *inderdaad groot prestasies.*

Die tegniek het vandag so haastig geword dat hierdie geleerdes se voorspellinge waarskynlik te beskeie is.

Antwoord eerlik: Kan die wondere van die tegniek die lewe die moeite werd maak? Wat beteken al hierdie dinge sonder die fundamentele geestelike waardes? Breinkrag, produksie, prestasie ... maar die res? Wat gaan word van die kernstukke van dié lewe, soos vryheid, vrede, geregtigheid, barmhartigheid, liefde?

Die Bybel voorspel die volgende: "Die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand." (2 Tim. 3).

Van die toekoms gaan ons nie 'n beter wêreld ontvang nie.

Jy sal dan al dood wees ... wat van jou kinders?

Waarmee gaan jy hulle pantser vir hierdie roekelose toekoms en watter erfenis gaan jy hulle gee om in die jare wat wag, te midde van alles, gelukkige, gebalanseerde en stewige mense te bly?

Alleen die geloof in Jesus Christus kan vrede, uitsig en rigting gee oor honderd jaar. Want hierdie geloof is 'n binding aan die God wat 'n staanplek gee as alles val en 'n ander toekoms uit die chaos berei.

As vader en moeder God verloor het of alleen 'n gedaante van godsaligheid oor het — 'n soort leë dop — sal die kinders kennis maak met die enigste Troos, ook in jare van wêreldstorms en beskawingskrisisse?

In dieselfde hoofstuk van vaneffe sê die Woord: "en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus."

W. J. de Klerk.